**Kontak**
**Deel**
**Versorg**

# Evangelism Explosion South Africa

## Deel jou Geloof – Seminaar

## VOORWOORD

Daar is geen groter boodskap van hoop en verlossing as die evangelie van Jesus Christus nie. Ons het 'n boodskap vir die wêreld en met hierdie seminaar gaan ons jou bemagtig om 'n beter toegeruste getuie te wees vir Jesus Christus. Mag jy opnuut weer uitgedaag word en opgewonde wees oor die voorreg wat God ons gee om Sy evangelie met ander te deel.


## INHOUDSOPGAWE


| | |
|---|---|
| Hand-evangelie aanbieding | 2 |
| Vertrouensband | 4 |
| My Getuienis | 5 |
| Gespreksvrae | 6 |
| Genade | 7 |
| Mens | 8 |
| God | 9 |
| Christus | 11 |
| Geloof | 12 |
| Oorgawe | 14 |
| Sekerheid | 15 |
| Nasorg | 17 |
| Evangelie raamwerk | 19 |

# Hand-evangelie aanbieding

## Leer die HAND-aanbieding van die Evangelie

Een van die hoofredes waarom gelowiges nie die evangelie met ander wil deel nie, is omdat hulle nie 'n bruikbare, effektiewe hulpmiddel tot hulle beskikking het nie. Die hulpmiddel wat ons hier aanbied is maklik om te leer, lekker om te deel en byna onmoontlik om te vergeet! Die beste is egter dat jy dit altyd by jou het.
Volg saam met jou leier die gebare terwyl hy / sy dit vir jou demonstreer. Hierdie gebare sal later natuurlik gebruik kan word wanneer jy die evangelie met ander deel. Dit sal jou ook help om op die regte pad te bly.



**duim (sterkte)** GENADE

..... so werk God

**wysvinger (skuldig)** MENS

.... is 'n sondaar wat homself nie kan red nie

**middelvinger (hoogste)** GOD

..... is regverdig maar het ons baie lief

**ringvinger (getrou)** CHRISTUS

..... gee deur Sy Kruisdood vir ons die Ewige Lewe

**pinkie (swakste)** GELOOF

..... God se beloftes word so waar in ons lewens

Joh.3:16 God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.

Mat 28:19-20 Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.



## GENADE

Die ewige lewe is 'n ____________________ ________________________

Romeine 6:23

Dit word nie ______________________ of ___________________________

Efesiërs 2:8-9




## MENS

Die mens is 'n __________________________________________

Romeine 3:23

Hy kan homself nie ______________________ nie

Matteus 5:48




## GOD

God is _________________________ en wil ons nie straf nie

1 Johannes 4:8b

God is _____________________ en moet die sonde straf

Handelinge 17:31



## CHRISTUS

Wie is Jesus?

Christus is Beide ___________________ en ______________________

Johannes 1:1,14

Wat het Jesus vir ons kom doen?


Hy het ____________________________aan die kruis,

Hy ____________________________vir ons sondes

Hy ____________________________ die dood.

Hy _________________ vir ons die ewige lewe

Jesaja 53.6



## GELOOF

Geloof is nie net _____________________nie of vertrou vir

___________________ ________________

Jakobus 2:19

Geloof is ___________________________in Jesus

Christus alleen vir die ewige lewe

Handelinge 16:31

# Vertrouensband

## WAAR BEGIN EK OM DIE EVANGELIE TE DEEL?

Daar is **3** dinge van belang:

- Leer die persoon ken, d.w.s. vestig 'n vertrouensband. Verdien die reg om met iemand oor iets so persoonlik soos sy geestelike lewe te praat.
- Vind uit op watter manier God met iemand besig is. God is in beheer. Hy neem die inisiatief in enige verhouding. Ek moet dus uitvind op watter manier God reeds aan die werk is in die persoon se lewe.
- Die geleenthede in die praktyk: Gesprek met bv. Bure, kollegas, kinders, ens. Geleenthede vir Bybelstudie.

## BESTANDDELE VAN 'N VERTROUENSBAND

### opregte belangstelling in die persoon



- Vra vrae en gesels oor sy/haar familie, werk, sport, ens.
- Laat die persoon toe om oor homself/haarself te praat.
- Neem items waar wat die persoon se belangstellings aandui.
- Gee opregte komplimente.
- Gebruik die persoon se naam.
- Moenie gejaagd wees nie.
- Wees natuurlik en spontaan – ontspan, toon humor, glimlag, ens.
- Onthou, 55% van kommunikasie is nie-verbaal: stemtoon, gesigsuitdrukking, oë, glimlag, liggaamstaal, lewenstyl, ens.
- Deel gemeenskaplike belangstellings.

### opregte luister

Die doel van luister:

- Dit toon dat jy in die persoon belangstel.
- Dit toon dat jy die persoon respekteer – dat hy/sy jou tyd werd is en dat jy hom/haar ag as iemand vir wie Christus gesterf het.
- Jy leer die persoon se behoeftes en gevoelens ken.
- Dit is goeie maniere.
- Dit verdien vir jou die reg om ook te praat.

Riglyne vir goeie luister:

- Fokus jou aandag op die persoon – jy luister ook met jou oë!
- Wag op jou beurt om te praat.
- Hoor wat die persoon sê en reageer daarop.
- Dit mag nodig wees om vrae te vra om seker te maak dat jy verstaan wat die persoon bedoel.
- Toon dat jy luister deur aanmoedigende gebare en opmerkings.

Slegte gewoontes vir luister:

- Onderbreek die persoon.
- "Lees gedagtes", d.w.s jy neem aan dat jy weet wat die persoon gaan sê voordat hy/sy dit gesê het.

- Terwyl die persoon praat, dink jy aan wat jy volgende gaan sê.
- Kyk weg wanneer die persoon praat, of kyk na jou horlosie (of TV!).

## opregte omgee



- Wees bewus van die persoon se behoeftes en gevoelens;
  - wees sensitief vir sy gevoelens en respekteer dit, bv. hartseer na teenspoed.
  - by sommige behoeftes moet jy prakties hulp verleen voordat jy kan getuig, bv. voedseltekort.
- Toon empatie.
- Bied jou ondersteuning aan – emosioneel en prakties, soos ook al nodig is.
- Omgee is 'n gesindheid wat ontwikkel kan word.

## God is besig in mense se lewe

Beginsel: God werk vandag nog in mense se lewens
Vind uit op watter manier God met iemand besig is. God is in beheer. Hy neem die inisiatief in enige verhouding. Ek moet dus uitvind op watter manier God reeds aan die werk is in die persoon se lewe. God is alomteenwoordig. Ons kan nie God na mense toe neem nie, Hy is reeds daar en besig om in hulle lewens te werk.

"Missions is: Finding out where the Holy Spirit is at work and joining in."
Rowan Williams

## gebruik elke geleentheid

Die geleenthede in die praktyk:
- Gesprek met bv. Bure, kollegas, kinders, ens.
- Geleenthede vir Bybelstudie.

Soek aanknopingspunte – gemeenskaplike belangstellings om gesprek aan te knoop.

# My Getuienis

Op 12:11 Hulle het self die oorwinning oor hom (Satan) behaal danksy die bloed van die Lam en die boodskap waarvan hulle getuig het, ...

## beginsels onderliggend aan die gebruik van getuienisse

Hier is Bybelse voorbeelde vir die gebruik van getuienisse:
- Die man van Gerasa. Lukas 8:38-39
- Die Samaritaanse vrou. Johannes 4:39-42
- Die apostel Paulus. Handelinge 22:3-21

Getuienisse is 'n effektiewe en kragtige manier om van vriendskap na toestemming om te deel en die diagnostiese vrae te beweeg - dit skep 'n begeerte om die evangelie te hoor.

## die persoonlike versekering getuienis

Jou getuienis is baie persoonlik.

Jou sekerheidsgetuienis is jou subjektiewe ervaring van wat dit vir jou beteken om seker te wees dat jy die ewige lewe het.

- Dit wys hoe God vandag in en deur, regte mense werk.
- Dit maak die beswaar dat niemand seker kan wees dat hy die ewige lewe het nie tot niet.

Dit is die eerste instrument wat 'n Christen nodig het om 'n effektiewe getuie te wees.

- Dit is bekend en maklik om te deel.
- Of jy nou die ewige lewe op die ouderdom van 4 of 40 ontvang het, jou vertrou is op Jesus Christus alleen vir die ewige lewe.
- Natuurlik, as iemand nie 'n sekerheidsgetuienis het nie, moet hy/sy geëvangeliseer word.

Jou sekerheidsgetuienis word gebruik net voor die diagnostiese vrae.

- Jy gaan die evangelie onmiddellik na die diagnostiese vrae aanbied, dus nie nodig om die evangelie by jou getuienis in te sluit nie.
- Pasop dat jy nie die antwoord op die tweede diagnostiese vraag in jou getuienis weggee nie. As jy dit doen, kan dit na jou toe terug herhaal word.

In EE-getuienisse gebruik ons die uitdrukking "die ewige lewe ontvang" as 'n sinoniem vir "vertroude in Christus as my Verlosser, wedergebore, Jesus ontvang het, berou gehad het oor my sondes, Christus erken as Verlosser en Here", ens.

# GESPREKSVRAE

Mat.12:34 Waar die hart van vol is, loop die mond van oor.

DIE BELANGRIKSTE VRAE WAT JY OOIT KAN ANTWOORD!



Ons gebruik onder andere twee vrae om ons te help bepaal waar die persoon staan ten opsigte van sy geestelike lewe. Dit help ons om vas te stel wat die persoon dink oor sy sekerheid van verlossing en ook oor die basis van sy sekerheid van verlossing. Ons verwys ook na hierdie vrae as die diagnostiese vrae. Want net soos 'n dokter na die hart luister, luister ons, met die vrae na die hart van die persoon, want God kyk na die hart van mense.

## die eerste vraag is:

**Het jy in jou geestelike lewe op die plek gekom waar jy met sekerheid weet dat indien jy vandag te sterwe kom, jy hemel toe sal gaan?**

Hiermee stel ons vas wat die persoon dink oor sy sekerheid van verlossing.

## die tweede vraag is:

**Veronderstel jy sou vandag te sterwe kom en voor God te staan kom en Hy sou vir jou vra, "Waarom moet Ek jou in my hemel toelaat?, Wat sal jou antwoord wees?**

Hiermee wil ons vasstel waarop bou die persoon vir sy verlossing. Daar is basies twee antwoorde:

- Werke – Hy vertrou op homself en sy goeie werke as basis van sy verlossing
- Geloof – Hy vertrou op die verlossingswerk van Christus as basis van sy verlossing.

1 Jon 5:13 Hierdie brief skrywe ek vir julle, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het

# GENADE



Oorgangsin

"Toe ek jou antwoord op die eerste vraag gehoor het, het ek gedink dat ek goeie nuus vir jou het, maar nadat ek jou antwoord op die tweede vraag gehoor het, weet ek dat die Bybel die beste nuus vir jou het wat jy nog gehoor het!"

Rom 6:23 Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here.

## die ewige lewe is 'n gratis geskenk.

Elke godsdiens in die wêreld, behalwe die Christelike geloof, leer dat die guns van God deur die mens verdien moet word deur iets te doen.

In die Christelike geloof kan God se guns en die ewige lewe slegs as geskenk ontvang word.

Dit is dus goed om hierdie waarheid 'n paar keer te herhaal en op verskillende maniere,

bv.:
- Die ewige lewe is God se geskenk aan jou.
- Die hemel is gratis.
- Ons betaal nie vir die ewige lewe nie.
Die Skrifverwysing vir hierdie waarheid is Romeine 6:23.

## dit word nie verdien of verwerf nie.

Op hierdie punt kontrasteer ons God se manier en die mens se manier.
Van geboorte af is ons gewoond dat vir alles gewerk moet word: kwalifikasies, beloning, salaris, ens.
God se manier is die teenoorgestelde: genade is om gratis te ontvang wat ons nie verdien nie.
Die Skrifverwysing hiervoor is Efesiërs 2:8-9


> Ef. 2:8-9 Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie.

Illustrasie

**Vriend se geskenk**

Ons kan nie deur al ons pogings, goeie werk of godsdienstige dade 'n plek in die hemel verdien nie, want die ewige lewe, soos enige geskenk, is vry. Veronderstel jou beste vriend (vrou, man, ma) sou jou verras met 'n duur geskenk en jy sou onmiddellik na jou beursie gryp en geld uithaal om vir die geskenk te probeer betaal. Watter verleentheid of belediging sou dit nie vir dié spesiale persoon wees nie! Selfs al sou jy 'n sent daarvoor betaal, is dit nie langer 'n geskenk nie.
Dit is dieselfde met die ewige lewe …

# MENS



Oorgangsin

"Dit kan duideliker verstaan word as ons sien wat die Bybel van die mens sê"

> Rom. 3:23 Almal het gesondig en is ver van God af.

## die mens is 'n sondaar.

Baie mense weet nie dat hulle sondaars is nie.
Baie mense wat weet dat hulle sondaars is, verstaan nie die gevolge van sonde nie.
Die beste manier om mense te vertel dat hulle sondaars is sonder om aanstoot te gee, is:

- Meld die algemene beginsel dat elke persoon gesondig het.
- Kwoteer Romeine 3:23.
- Definieer sonde. *dink *sê *doen *versuim
- Gebruik die "Drie Sondes per Dag" illustrasie (verwys na jouself in hierdie illustrasie, nie na die gespreksgenoot nie.)

Illustrasie

**Drie sondes per dag**

Veronderstel ʼn persoon sou slegs tien of vyf keer op ʼn dag sondig – of maar net drie keer. As hy slegs drie keer ʼn dag verkeerde gedagtes koester, sy/haar eie belang voorop stel of teenoor God en sy medemens doen wat hy veronderstel is nie om te doen nie, sou dit van hom ʼn redelike goeie mens maak, nie waar nie!? Die drie sondes per dag, loop egter op na meer as 1000 sondes per jaar. Met ʼn gemiddelde ouderdom van 70 jaar het ʼn persoon dus meer as 70 000 keer teen God gesondig!  Kan jy dink wat met ʼn misdadiger met ʼn kriminele rekord van 70 000 oortredings, sal gebeur?

## die mens kan homself nie red nie.

Matteus 5:48 (alternatief: Galasiërs 3:10) en die Omelet illustrasie word gebruik om te:

Mat. 5:48 Wees julle dan volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is.

- Bevestig dat God se standaard volmaaktheid is.
- Illustreer dat selfs 'n geringe sonde jou lewe besoedel en van jou ʼn verlore sondaar maak.
- Bevestig dat almal tekort skiet aan God se standaard en onaanneemlik vir Hom is.


Vra op hierdie punt: "Sien jy nou waarom dit onmoontlik is vir enigiemand om in die hemel te kom deur eie pogings, selfs deur goeie werke?"

Illustrasie

**Omelet**

Om te verduidelik hoe sonde ons onaanvaarbaar maak vir God, gebruik ons hierdie illustrasie. Ons kan nie ʼn omelet met vyf vars eiers en een slegte eier maak en dit aan gaste voorsit en dan verwag dat dit vir hulle aanvaarbaar sal wees nie. Net so min kan ons ons lewens aan God aanbied (met baie dinge wat heelwaarskynlik deur mense as goed gereken word) terwyl daar sonde daarin is. Net een sonde maak ons lewens onaanvaarbaar vir God. As ons deur ons goeie werke hemel toe wil gaan, moet ons volmaak wees. God se standaard (Sy eis) is ten alle tye volkome gehoorsaamheid aan Hom. Almal van ons sal hieraan tekortskiet.

# GOD



Oorgangsin

"Dit kan duideliker verstaan as ons sien wat die Bybel van God sê"

1 Joh. 4:8b "God is liefde."
Hand. 17:31 "... Hy het ʼn dag bepaal waarop Hy regverdig oor die wêreld gaan oordeel..."
Eks. 34:7 "... Ek spreek niemand sonder meer vry nie."

## algemene oorwegings

Die wese van God word in baie aanbiedings van die evangelie nie behandel nie. Teologiese dwaalleer word dikwels veroorsaak deur die verkeerde verstaan van die wese van God. Baie mense het die 'Christian Science' konsep dat God slegs liefde is. Dit is belangrik dat ons die ware wese van God beklemtoon:

- Nie slegs dat Hy liefdevol en genadig is nie,
- Maar ook dat Hy heilig is, en nie sonde kan verduur nie.

Dit is die wese van God wat die persoon en werk van Christus betekenis gee.

## genade

God is genadig, en wil ons nie straf nie. Dit handel, eerstens, met die  goeie nuus, dat God genadig is. Die Skrifverwysing wat hiervoor gebruik word is 1 Johannes 4:8b. God het ons lief ten spyte van wie ons is en juis as gevolg van wie Hy is. Baie argumente oor die  regverdigheid van God kan voorkom word indien ons eerstens die groot Bybelse waarheid hanteer dat God genadig is. Oorgang:  "Dieselfde Bybel wat sê dat God genadig is, sê ook ..."

## regverdig


God is regverdig, en daarom moet Hy sonde straf. Dit handel met die slegte nuus, dat die sondige mens voor 'n heilige God in die oordeel sal staan. Baie mense weet dat God liefde is, maar min verstaan dat Hy ook regverdig is. Die Skrifverwysing vir hierdie waarheid is Eksodus 34:7b of Handelinge 17:31.Die illustrasie van “Die Leier” word by hierdie punt gebruik. (Alternatiewe illustrasie: "Die Bankrower")

Illustrasie

**Die Leier**

Daar was ’n leier van ’n groep vryheidsvegters wat teen ’n diktator geveg het. Terwyl hulle in tente saam met hul families woon, kom hulle agter dat hul kosvoorraad gesteel word. Die leier waarsku dat as die dief betrap word, hy met ’n sambok gestraf sal word. Toe daar weer kos gesteel word, betrap die soldate die dief; Die leier se ma! Die leier weet sy ma sal die straf nie oorleef nie. Hy het haar lief en wil haar uiteraard nie straf nie. Hy besef egter hy moet ook regverdig optree en die straf wat hy self neergelê het, handhaaf. Dan kondig hy aan dat die straf uitgevoer sal word. Tot almal se groot verbasing trek hy sy hemp uit en neem self die straf in sy ma se plek. Hierdeur het die leier sy liefde vir sy ma bewys, maar ook regverdig gebly.

# Christus



Oorgangsin

"God toon sy regverdigheid en bewys sy liefde vir ons, in die persoon van Jesus Christus."

> Rom. 5:8 "Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was."

> Joh. 1:1,14 "In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

## wie Christus is

Hy is beide God en Mens.
Waarom is dit belangrik?

- Hy was waarlik God – en kon sonder sonde leef.
- Hy was waarlik mens – en kon God se straf namens die mens dra.

Baie mense ken sekere feite oor Jesus, maar min weet dat Hy God was en is.
Ons moet die waarheid beklemtoon dat Jesus die Woord van die Skepping is, die ewige God wat Skepper en Onderhouer van alle dinge is.
Met "ewige" bedoel ons sonder begin en einde, onbegrensde, onmeetlik.
Die Skrifverwysing vir hierdie waarheid is Johannes1:1,14 (Ook Johannes 20:28).
Gebruik vrae om slegs 'n eenrigtinggesprek te voorkom, bv. "Ek sou graag wou weet wie jy verstaan Christus is?"

- Gebruik vrae wanneer die persoon stil en passief is.
- Gebruik minder vrae wanneer die persoon baie spraaksaam is.
- Sluit aan by die gespreksgenoot se antwoord met 'n positiewe reaksie.

> Joh 20:28 "En Tomas sê vir Hom: 'My Here en my God!'"

## wat Christus gedoen het

"Hy het aan die kruis gesterf om die straf vir ons sonde te betaal, en het opgestaan uit die dood en gee nou aan ons die geskenk van die ewige lewe."
Baie mense weet van Christus se dood aan die kruis, maar min verstaan die plaasvervangende betekenis daarvan.
Die persoon moet verstaan:

- Ons sonde is op Christus gelê.
- Christus het ons skuld aanvaar.
- Christus het die skuld vir ons sonde betaal.

Hierdie groot transaksie waaroor die hele Bybel geskryf is, moet duidelik gekommunikeer word.

Om dit te bereik, word die Rekordboek van Sonde gebruik, Skrifverwysing Jesaja 53:6

Illustrasie


**Rekordboek van Sonde**

Kom ons veronderstel dat ’n boek (neem enige boek) ’n volledige verslag van my lewe bevat. Dit bevat alles wat ek in my lewe gedoen het. Elke woord, daad of gedagte is hierin opgeteken. Ook al my sonde. Plaas dit op jou linkerhand. Veronderstel jou linkerhand is jy. Die lig bo is God. Hier is dan die probleem – my sonde. God het my lief (wys na linkerhand) maar haat my sonde (wys na die boek) en moet dit straf. Om hierdie probleem op te los het God sy eniggebore Seun na die wêreld gestuur. Die Bybel sê: “Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop, maar die Here het ons almal se sonde op Hom laat afkom.” (Jes. 53:6) (Verplaas die boek van linkerhand na regterhand wanneer jy “op Hom laat afkom” sê) God het al my sonde op Christus geplaas.

'n Paar wenke om hierdie illustrasie goed te kommunikeer:
- Verpersoonlik die illustrasie, d.w.s. maak die boek 'n rekord van jou lewe.
- Hou jou oë op die boek terwyl jy dit van een hand na die ander oordra.
- Noem die betekenis van ‘tetelestai’, maar moet nie voorgee om ’n kenner van Grieks te wees nie.
- Noem dat Christus uit die dood opgestaan het – moet Hom nie aan die kruis of in die graf laat bly nie.

Wie ontvang hierdie geskenk? Hoe kan ons hierdie geskenk ontvang?

# GELOOF



Oorgangsin

"Hierdie geskenk word ontvang deur geloof."

Heb. 11:6 “As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek beloon.”

## geloof is meer as

**...** meer as slegs verstandskennis of instemming met sekere historiese feite.
- Mense glo dikwels in Christus op dieselfde wyse as wat hulle in Julius Ceaser of Napoleon glo.
- Die Bybel vertel dat die duiwel ook so aan die bestaan van God glo, maar dit bring hom sekerlik nie in die hemel nie.
- Die Skrifverwysing hiervoor is Jakobus 2:19.

Jak 2:19 “Glo jy dat daar net een God is? Dit is reg. Die bose geeste glo dit ook – en hulle sidder van angs.”

**...** meer as slegs **tydelik** van aard – m.a.w. om God te vertrou vir die verbygaande behoeftes en probleme in jou lewe.

- Dit kan op verskeie maniere illustreer word:
  - Vir siekte of operasie – genesingsgeloof.
  - Vir geldelike probleme – finansiële geloof.
  - Wanneer op reis is – reisgeloof.
  - Vir belangrike besluite – besluitgeloof, ens.
- Al die bogenoemde het een ding in gemeen: dit is alles tydelik van aard.
- Hierdie soort geloof is belangrik en het groot waarde, maar dit alleen kan 'n mens nie red nie. (1 Kor. 15:19)

1 Kor. 15:19 "As ons net vir hierdie lewe ons hoop op Christus vestig, is ons die bejammerenswaardigste van alle mense."

## wat geloof is

Geloof is om op Jesus Christus alleen te vertrou vir die ewige lewe.
Kwoteer Handelinge 16:31

Hand. 16:31 "Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin."

Geloof het drie elemente:

- Kennis – die intellektuele element
- Instemming – aanvaar die feite
- Vertroue – jou vertroue plaas



Die "Stoel" illustrasie;
Verwys na die stoel in drie fases:

- glo jy dat hierdie stoel bestaan?
- glo jy dat hierdie stoel my kan dra?
- waarom dra die stoel my nie tans nie?

Pas nou die illustrasie toe op geloof in Christus.

Illustrasie

**Die "Stoel"**
Jy glo dat hierdie stoel bestaan, nie waar nie? (Kyk na ŉ leë stoel.) Glo jy dat hierdie stoel my sal kan dra? Om ŉ baie eenvoudige rede dra dit my nie op die oomblik nie – omdat ek nie daarop sit nie. So was dit ook met my en Christus. Ek het van Hom geweet en dat Hy my kan help. Tog het ek nie op Hom vertrou vir die ewige lewe nie. Ek het op "die stoel van my eie goeie werke" gesit. Ek het op myself vertrou om in die hemel te kom. Om die ewige lewe te ontvang, moet ek my vertroue verplaas van "die stoel van my werke" na dit wat Christus vir my gedoen het. (As ŉ voorbeeld kan jy nou opstaan van jou stoel en gaan sit op die leë stoel – dit is simbolies van die geloofsbesluit wat ons moet neem)

## motief vir 'n goeie lewe: dankbaarheid

Dit is nou belangrik om die rol van goeie werke en die motief vir 'n goeie lewe te verduidelik.
Nadat ons vroeër gesê het dat die ewige lewe nie deur goeie werke verdien word nie, moet ons nou verduidelik waar goeie werke inpas.

- Ons goeie werke is nie om die ewige lewe te verdien nie.
- Deur ons goeie werke sê ons dankie vir die geskenk van die ewige lewe.

# OORGAWE

Oorgangsin


"Maak dit vir jou sin?"

> Hand 2:37 "By die aanhoor hiervan is die mense diep getref en het hulle vir Petrus en die ander apostels gevra, 'Wat moet ons doen, broers?'

## algemene oorwegings

Die fokus skuif nou van die deel van die evangelie na die persoon se reaksie by die aanhoor daarvan.
Help die persoon om te verwoord, dit wat die Heilige Gees in sy/haar hart gewerk het.
Oorgawe is nie iets om op trots te wees nie, dit kom nie deur ons eie toedoen nie, maar dit is 'n geloof stap, bewerk deur die Heilige Gees.
Die vraag: "*Maak dit vir jou sin?*," word ook die "*kwalifiseringsvraag*" genoem, en help om te bepaal of die persoon die evangelie verstaan het.
Moenie vir 'n oorgawe vra voordat jy seker is dat die gespreksgenoot verstaan het wat jy met hom/haar gedeel het nie.

## 'n paar antwoorde op die vraag, "Maak dit vir jou sin?"



'n Vyandige antwoord - Soos 'n "rooi lig".
Dit sal selde gebeur wanneer 'n vertrouensband vooraf met die gespreksgenoot gevestig is. Indien dit gebeur, vertrek dan op so 'n vriendelike wyse as moontlik. (Verwys 2 Tim. 2:25)
'n Onseker antwoord (of 'n "Nee" antwoord) - Soos 'n "oranje lig".
Hersien kortliks die hoofpunte van die evangelie. Moet asseblief NIE vra: "Wat maak nie vir jou sin nie?" Dit sal die deur ooplaat vir allerlei vrae en besprekings wat nie sal dien om die persoon te help om die evangelie te verstaan of daarop te antwoord nie.
'n Positiewe antwoord - Soos 'n "groen lig"
Gaan direk voort met die beslissingsvraag.

## beslissingsvrae

"Wil jy die gawe van die ewige lewe ontvang?"

- As die antwoord negatief is, verlaat op 'n positief wyse.
- As die antwoord positief is; Vra:

"Laat ek kortliks verduidelik wat dit beteken"
"Dit beteken:

- Verplaas, jou vertroue van jouself na Christus
- Aanvaar, Christus as verlosser
- Gee oor, neem Christus aan as die Here van jou lewe
- Verander, draai weg van jou ou lewe en volg Christus"

“Indien dit regtig is wat jy wil doen, kan ek ons in gebed lei en kan ons vir God vertel wat jy so pas vir my gesê het”

## gebed van oorgawe

Die geskenk van die ewige lewe word ontvang deur geloof. Gebed is 'n manier om geloof in Christus uit te druk. Verwys Romeine 10:8, 9, 10, 13.

> Rom. 10:8-10, 13 As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered. ... want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.”

Die oorgang na hierdie gebed is belangrik.

- Die gespreksgenoot moet weet dat jy hom sal help om sy geloof in 'n eenvoudige gebed uit te druk.
- Hierdie oorgang moet gememoriseer word. Let op die voornaamwoorde.

Illustrasie

> **Die Oorgawe gebed**
> “Here Jesus, vergewe asseblief my sonde, maak my U kind, word my Here en verlosser, dankie dat ek die ewige lewe het. Amen”

> 1 Kor. 12.3b “… niemand kan sê: “Jesus is die Here” nie, behalwe deur die Heilige Gees.”

## 5-4-3 gebedshulp

’n Volledige oorgawe gebed kan die volgende elemente insluit:

5 - Bid die evangelie
- Ek besef dat U genade ’n gratis geskenk is
- Ek besef dat ek ’n sondaar is en nooit die hemel kan verdien nie
- Ek besef dat U my liefhet, maar dat U ook die sonde moet straf - en daarom vir my.
- Ek besef dat Christus in my plek die skuld betaal het
- Ek besef dat ek hierdie geskenk net in geloof kan aanvaar

4 - Daarom
- Ek verplaas my vertroue op Jesus alleen
- Ek aanvaar Jesus as my Verlosser
- Ek aanvaar Jesus as Here van my lewe
- Ek wil wegdraai van alles wat U nie gelukkig maak nie

3 - Dankie
- Vir U vergifnis
- Dat en U kind mag wees
- Dat en nou die ewige lewe kan hê

# SEKERHEID

## Algemene oorwegings:

Ons redding kom van God, nie van onsself nie. Ons moet dus nie na onsself kyk vir sekerheid (bv. ons gevoelens of ons dade) nie, maar na Hom. God se beloftes in sy Woord is duidelik. Hierdie beloftes staan vas en is die basis van ons sekerheid.
Sekerheid is belangrik vir die nuwe gelowige se geestelike groei.

**'n Paar sekerheidsverse:**
Joh. 1:12-13, Gal. 3:26,
Joh. 3:16, Ef. 2:19,
Joh. 3:36, Fil. 3:8-9,
Joh. 6:47, Heb. 10:22,
Joh. 10:28, 1 Joh. 5:13,
Rom. 8:1, Op. 3:20,
Rom. 10:9-10

Oorgangsin

"Ek sal graag wil hê dat jy self sal lees wat Christus sê oor dit wat nou gebeur het."

Joh 6:47 "Dit verseker Ek julle: Wie in My glo, het die ewige lewe.

**SEKERHEID**

Johannes 6:47, word gebruik om die belangrike waarheid te verduidelik dat ons seker kan wees van die ewige lewe. Maak jou Bybel oop by Johannes 6:47. Dit is goed as die versie gemerk is. Vra die persoon om die versie hardop te lees. Indien die persoon huiwerig is om te lees of nie wil lees nie, moet jy die vers self hardop lees. Pas die woorde van Jesus in Johannes 6:47 toe op die persoon en sy/haar oorgawe.

**Help die persoon om God se belofte in Joh 6:47 toe te eien:**

Wie praat hier?

*Jesus*

Wat belowe Hy?

*Die ewige lewe*

Aan wie?

*Aan elkeen wat glo*

In die gebed wat jy so pas gebid het, het jy gesê dat jy in Christus vertrou. Het jy dit bedoel?

*Ja*

Is hierdie belofte dan ook vir jou?

*Ja*

Wat het jy dan?


*Die ewige lewe!*

## die "romeinse handdruk"

Hierdie illustrasie toon sigbaar aan die nuwe gelowige dat hy/sy veilig is in die hande van Christus vir tyd en ewigheid.

Illustrasie

Die “Romeinse Handdruk



Die Romeine het mekaar gegroet deur hulle hande op die persoon se pols te sit. Dit was ŉ stewige greep. Wys prakties hoe. (Kom ons sê my hand stel die deurboorde hand van Christus voor. Hou dan sy voorarm met jou hand vas. Jou hand verteenwoordig jouself. Plaas sy hand op jou voorarm.)God het na ons uitgereik in liefde en ons het God se genade aanvaar. Selfs al voel dit of ek nie goed genoeg vashou nie, sê God self: “Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie.” (Joh 10:28)

“Welkom in die familie van God!”

# NASORG

1 Pet. 2:2 “Soos pasgebore kindertjies smag na melk, moet julle smag na die suiwer geestelike melk, sodat julle daardeur kan opgroei en die saligheid verkry.”

Dit bly die persoon wat met iemand die evangelie gedeel het en hom/haar gelei het tot ŉ oorgawe se voorreg om die persoon te begelei in geestelike groei. Hiervoor is die volgende nodig:

- Die “Groeivennote.”
- Persoonlike kontak en besoeke.
- Help om in te skakel by geloofgemeenskap.
- Help met geestelike groei.

## die Bybel

Ps. 119:105 “U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad.”

Die kern van ons geestelike groei, is ŉ verhouding met die drie– enige God : God die Vader, Jesus Christus en die Heilige Gees. In enige verhouding is kommunikasie uiters belangrik. God praat met ons deur Sy Woord en deur die Heilige Gees. Die rol wat die Woord van God (Die Bybel) in my lewe speel, bepaal die kwaliteit van my verhouding met God.

## gebed

1 Tess. 5:16, 17 “Wees altyd bly. Bid gedurig.”

Regdeur die Bybel en veral na Jesus se koms, maak gelowiges gebruik van die wonderlike voorreg om deur gebed met God te praat. Hulle loof hom, bid vir die uitbreiding van die Koninkryk en vra Sy hulp in moeilike situasies. Al die gebede het

een ding in gemeen: Mense wat met ŉ lewende God in opregtheid praat en kommunikeer. God nooi jou ook uit om deel van hierdie bevoorregte mense te wees.

Jesus is ŉ baie goeie voorbeeld vir ons gebedslewe. Nie alleen stel Hy vir ons ŉ voorbeeld van ŉ persoon wat bid nie (Lukas 11:1), maar Hy gee ook vir ons ŉ model hoe ons moet bid. Kom ons kyk na die "Ons Vader" gebed.

## aanbidding

> Ps 66:4 "Alle mense moet voor U buig, hulle moet sing tot u eer, hulle moet sing tot eer van u Naam"

Ons aanbid, vereer, prys, respekteer en bewys liefde aan God. Ons kan God aanbid, oral waar ons is, ook in die kerk. By die kerk hoor ons hoe God se Woord verkondig word en ons word aangespoor om Hom deur die Bybel beter te leer ken. ŉ Erediens is waar God se gemeente bymekaarkom om hom te aanbid, prys en verheerlik in geer en in waarheid. Ons kan ook iets vir God se Koninkryk doen as ons aan die gemeente se aktiwiteite deelneem.

## gemeenskap / vriendskap

> Heb. 10:24"Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade."

Ons vriendskap met ander Christene. As ons saam met ander Christin vriende is, kan ons vir mekaar bid, mekaar liefhê, mekaar help en aanmoedig om Jesus lief te hê en vir Hom te lewe.

## getuig

> Mat. 10:32 "Elkeen wat hom voor die mense openlik vir My uitspreek, vir hom sal Ek My ook openlik uitspreek voor my Vader wat in die hemel is."

Vandat jy ŉ kind van God geword het, het God jou nie uit jou omstandighede gehaal nie, maar jou teruggestuur na jou lewensomstandighede, nóú as ŉ nuwe mens! Ons moet nou as die Here se verteenwoordigers in die wêreld gaan leef! En dit gebeur op twee maniere: a) Deur die hantering van dit wat jy ontvang het (jou rentmeesterskap), en b) Deur jou getuienis (jou woorde en dade).

# evangelie raamwerk

| | |
|---|---|
| **Verhouding** | Ken die persoon<br>Sy persoonlike lewe: - Opregte -belangstelling, -luister, -omgee<br>- Die werk van die Heilige Gees<br>Kerk/ Godsdienstige agtergrond<br>Getuienis (Kerk en persoonlik)<br>… mag ek jou 'n vraag vra? |
| **Inleiding tot die Evangelie** | Jesus het gesê Hy kom weer. As Jesus vandag weer kom, is jy seker dat jy hemel toe gaan?<br>Ons kan verseker weet dat ons die ewige lewe het! 1 Joh. 5:13<br>Mag ek met jou deel hoe ek sekerheid gekry het van die ewige lewe?<br>Voordat ek dit doen, wil ek graag nog 'n vraag vra – en dit is...<br>As Jesus vandag weer kom en Hy sou vir jou vra: "Waarom moet Ek jou in my hemel toelaat?" Wat sal jou antwoord wees? |

| | | |
|---|---|---|
| **Genade** | Die ewige lewe in 'n geskenk van God<br>Rom. 6:23 *'...die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe...'*<br>Dit word nie verdien of verwerf nie<br>Ef. 2:8-9 | *<u>Illustrasie</u>*:<br>Vriend se geskenk<br>*<u>Oorgang</u>*: Wat maak dat ons nie hierdie geskenk het nie? |
| **Mens** | Dit is sonde – Die mens is 'n sondaar<br>Rom. 3:23 *'Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie.'*<br>Wat is Sonde?<br>Die mens kan homself nie red nie.<br>Matt. 5:48 | *<u>Illustrasie</u>*:<br>3 Sondes/dag<br>Omelet<br>*<u>Oorgang</u>*: Wie God is, maak dit nog duideliker. |
| **God** | God is Heilig, liefdevol en regverdig.<br>1 Joh.4:8b *'God is Liefde.'*<br>Hand. 17:31 *'...Hy het 'n dag bepaal waarop Hy regverdig oor die wêreld gaan oordeel....'*<br>Aan die een kant is God lief vir ons en Hy wil ons nie straf nie.<br>Aan die anderkant is God regverdig en moet Hy die sonde straf. | *<u>Illustrasie</u>*:<br>Leier en moeder<br>*<u>Oorgang</u>*: God het ons sonde probleem deur Christus opgelos. |
| **Christus** | Christus is beide God en mens Johannes 1:1, 14<br>Hy het gesterf aan die kruis,<br>Hy betaal vir ons sondes<br>Hy oorwin die dood.<br>Hy skenk vir ons die ewige lewe.<br>Johannes 3:16: *'God het die wêreld so lief gehad dat Hy Sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê'* | *<u>Illustrasie</u>*:<br>Rekord boek<br>*<u>Oorgang</u>*: Ons ontvang hierdie geskenk deur geloof. |
| **Geloof** | Geloof is meer as slegs kennis.<br>Jak. 2:19 '*Glo jy dat daar net een God is? Dit is reg. Die bose geeste glo dit ook – en hulle sidder van angs.'*<br>Geloof is meer as slegs vertroue vir hier en nou.<br>Geloof is om op Jesus Christus alleen te vertrou vir die ewige lewe.<br>Hand 16:31 'Glo in die Here Jesus' en jy sal gered word.' | *<u>Illustrasie</u>*:<br>Stoel<br>*<u>Oorgang</u>*: Maak dit vir jou sin? |



Oc e

Wil jy die geskenk van die ewige lewe ontvang?



† Verplaas vertroue
† Jesus as Verlosser
† Jesus as Here
† Bekering




Here Jesus, ek glo dat U vir my sonde gesterf het. Vergewe asseblief my sonde en maak my U kind. Dankie dat ek die ewige lewe het. Amen.



**Welkom**



Sekerheid – Joh. 6:47 *'Dit verseker ek julle: Wie in My glo, het die ewige lewe.'*
Groeivennote
Elemente van groei

| Bybel | Gebed | Aanbidding | Gemeenskap | Getuig |
|---|---|---|---|---|
|  |  |  |  |  |

**Evangelism Explosion South Africa**
318 Heckroodt Villieria Pretoria
www.ee3.org.za
info@ee3.org.za
012 333 0051